

Liefdegawes

Onder die diens: Barmhartigheidsfonds – om hulp te verleen aan lidmate van die Gereformeerde Kerk Randburg (GKR) wat in finansiële nood verkeer.

By die deure: Thuso-fonds om die emeriti uit die jonger kerke (voormalige Sinode Middellande en Klassis Capricorn) te help versorg.

Gedagte vir die week

“Geseënd is dié wat weet hoe afhanklik hulle van God is, want aan hulle behoort die koninkryk van die hemel.”

– Matteus 5:3

Nuwe intrekkers en besoekers

Baie welkom by die GKR. Voltooi gerus die welkomblaadje in die voorportaal as jy meer van ons gemeente wil weet of by ons wil inskakel. Gooi dit in die gleuf vir welkomblaadjies, of in die rooi posbus (met die boodskap “Gesels met ons”) in die voorportaal.

Baie welkom aan **Etienne Bisschoff** (082 572 7980) met bewys van lidmaatskap vanaf die Erfdeel-gemeente in Riebeeckstad. Etienne woon in Blairgowrie en sal by wyk ST 05 inskakel.

Ons groet **Annette Hofmeyer** (072 878 4571) wat met attestaat na die GK Warmbad vertrek. Sy woon reeds in Bela-Bela.

Amptelike sake

Karina Voogt, skakelbeampte in die kerkkantoor, is met **verlof** van 14 tot 31 Augustus. Baie dankie aan **Lizette van Wyk** wat vir haar sal instaan. Die kontakbesonderhede bly onveranderd.

Nuwe rekenmeester

Baie welkom aan **Herman Venter**, wat as rekenmeester van die GK Randburg aangestel is. Herman was 'n lidmaat van die GK Noordrand waar hy oor baie jare leiding geneem het met onder andere die gemeente se geldsake. Die aanstelling is gemaak in die wete dat Herman sy vaardighede ook nou by ons kerk sal kan aanwend in diens van God se koninkryk. Sterkte, Herman. Ons sien uit na lekker saamwerk.

As kerkraad en gemeente wil ons ook vir **Lorraine Nel** dankie sê vir haar dienswerk. Ons is dankbaar dat die Here jou ook hier kon gebruik en dat jy nou jou gawes ook in ander areas in die gemeente kan uitleef.

Die e-posadres bly onveranderd (finansies@gkrandburg.org.za). Herman kan gekontak word by 082 457 3897.

Laerskoolkids-diens

Alle laerskoolkinders word uitgenooi na die spesiale diens vandag 09:00 in Teofilus.

Verjaarsdae

Sondag 16 Augustus			
Anna Botha (77)	083 235 7579		NO 01
Marno du Plessis	082 224 6922		SO 08
Ulrika le Roux	082 926 3087		ST 06
Johann van Lingen	082 855 7873		WS 11
Fanie Venter	082 789 5737		WS 05
Maandag 17 Augustus			
Stefanie du Plessis	061 345 3997		NO 16
Wiehann Mohlen	079 855 3461		ST 07
Helena van der Walt	084 514 8850		ST 04
Venessa Voogt	073 889 7959		NO 14
Ilanie Vosloo	084 577 8384		ST 10
Dinsdag 18 Augustus			
Douwe Bijkersma	072 479 6649		ST 02
Godfried du Toit	083 526 4792		SO 13
Bets van der Walt (83)	083 565 2252		NO 01
Woensdag 19 Augustus			
Jo de Klerk (85)			WS 08
Niki de Wet	071 405 2834		ST 04
Donderdag 20 Augustus			
Alicia Bauling	072 379 3364		ST 04
Sandri Coetzee (18)	082 554 6027 (Sharon)	072 991 4276 (Johan)	SO 10
Caylin Judels (14)	082 359 0155 (Catherine)	083 275 2210 (Johan)	WS 04
Arnold van Graan	083 454 3360		NO 14
Vrydag 21 Augustus			
Jan Botha	082 896 3963		SO 03
Marlize Frauendorf	082 857 0680		SO 04
Ben Wentzel (70)	082 412 8687		SO 04
Saterdag 22 Augustus			
Zelma Fischer (13)	079 410 4741 (Christine)	082 442 6323 (Danie)	WS 04
Monica Muller (77)	083 449 6447		NO 01
Zoey Pretorius (10)	071 675 1098 (Lizette)	060 981 4490 (Dies)	ST 03

Ons leef met mekaar mee

Baie geluk aan **Sulise Kruger** wat as een van die leiers in die matriekraad van die Hoërskool Linden verkies is. Mag die Here jou lei om sy lig daar te laat skyn.

Hantie Venter (072 365 3339) se suster **Heleen van Zyl** het ons vooruitgegaan na ons Vaderhuis. Mag die Here haar geliefdes troos.

Marthinus Potgieter (082 555 7101) is in die Milpark-hospitaal se intensiewesorgeenheid, waar hy onder meer dialise kry vir sy niere. Ons bid vir genesing.

Lesley Stander (076 168 5512) se moeder, **Joan Keylock**, het Dinsdag oggend verhuis na haar hemelse woning. Ons dank die Here vir haar 98 geseënde jare. Mag Hy haar geliefdes versterk.

Loslitdag 2026 – Koop jou plakker en maak 'n verskil

Vrydag 4 September vier Suid-Afrika weer **Loslitdag (Casual Day)** – die land se grootste bewusmakings-en-fondsinsamelingsveldtog vir persone met gestremdhede. Vanjaar se tema, “**Een tromklank – vele ritmes**”, herinner ons daaraan dat elke mens uniek is en 'n waardevolle bydrae lewer. Ondersteun hierdie betekenisvolle inisiatief deur jou **Loslitdag-plakker** te koop. **Inwoners van Cheshire Homes** sal ná die oggenddiens in die voorportaal wees om plakkers te verkoop. **Donasies is ook welkom** (Ann Harding Cheshire Home, FNB Northgate, Tjekrekeningnommer 50410145574).

Visitatie namens die klassis Groter Johannesburg op 27 Augustus

Die klassis Groter Johannesburg het visitatie ingevolge artikel 44 van die Kerkorde by al die gemeentes in die klassis gereël. Die GKR kom op 27 Augustus aan die beurt.

Visitatie word gereël as 'n geleentheid waarmee kerke op mekaar ag gee en mekaar met advies bystaan, onder andere oor die Woordbediening, suiwerheid van die leer, die uitoefening van die ampte (besondere dienste) en die toepassing van die Kerkorde.

Enige lidmate wat graag voor die vergadering met die visitatore in gesprek wil tree, kan die skriba by skriba@gkranzburg.org.za kontak om reëlings te tref.

Kom kuier saam

Saamkuier ná die aanddiens

Baie dankie aan die Bybelstudiegroep van jong volwassenes wat vanaand **pastaslaai** bedien. Dit kos R30 per persoon om onkoste te dek, wat in kontant, met 'n bankkaart of Zapper betaal kan word.

Lof-Prys-Sing

Kom geniet **Woensdag 19 Augustus** 'n aand van lofprijsing en aanbidding, waar ons die Here ons God eer en prys. Sop en kuier saam vanaf 18:30. Lofprijsing begin om 19:00. Kontak Corné (084 580 8883) vir meer inligting.

Kreatiewe Kunskuier : Mosaïekklas vol kreatiwiteit, kuier en lekker saamwees op **12 September** van 09:00 tot 11:30. Die koste van R220 per vrou of hoërskoolmeisie en R150 per laerskoolmeisie sluit alles in wat jy nodig het: 'n volledige mosaïekstel; koffie, tee of sap; en 'n ligte vingerete. **Betalings** moet asseblief **teen 30 Augustus** gedoen wees: verwysing KKK en jou naam. **Stuur bewys** na finansies@gkranzburg.org.za. Kontak: Aletia by 072 600 4613 of Alet by 082 805 1252.

Seniorlidmatefunksie

Alle lidmate van 65 jaar en ouer word hartlik genooi na die ete vir “die jeug van gister”.

Saterdag 22 Augustus vanaf 12:00. Kom kuier saam en geniet ’n heerlike ete. Bevestig bywoning asseblief teen **18 Augustus** by Lorraine Nel (079 892 1941).

Kom kamp saam by Ruah Park

Ontsnap uit die gejaag van die alledaagse lewe en beleef ’n besonderse kampnaweek by Ruah Park van **16 tot 18 Oktober**. Hierdie pragtige kampterrein bied die ideale geleentheid om as gemeente saam te kuier, te ontspan en geestelik versterk te word. Dit kos R1 460 per staanplek (met privaat ablusiegeriewe). Kontak Deseré (082 520 3670) om te bespreek.

Dankfees 2026 – Kom help beplan

Ons gemeente wil graag weer vanjaar ’n **dankfees** hou. Dit word voorlopig beplan vir Saterdag 24 Oktober. Ons het soveel om voor dankbaar te wees: God se seëninge en leiding in ons geloofsgemeenskap, ’n gemeente wat steeds groei en die voorreg om deel van ’n wonderlike geloofsfamilie te wees. Ons **nooi jou uit** om saam met ons hierdie spesiale dag te beplan en moontlik te maak. Daar is reeds ’n voorstel vir ’n **potjiekosdag** met allerlei feestelike aktiwiteite. Ons dink ook aan ’n gesellige kuierarea vir senior lidmate en ’n speelpark of prettige aktiwiteite vir die kinders.

Het jy nog idees? Of is jy bereid om hand by te sit met die beplanning en organisering? **Ons hoor graag van jou!** Kontak die kerkkantoor asseblief per WhatsApp by **082 404 8478** as jy wil help of jou voorstelle wil deel. **Kom ons werk saam om van ons dankfees ’n besondere dag van dankbaarheid, gemeenskap en vreugde te maak.**

Het jy geweet? Of wonder jy ook soms?

As jy enige sake het waaroor jy wonder of vrae waarop jy ’n antwoord wil hê, kan jy ’n nota in die posbus los. Ons plaas kort insetsels om vrae te beantwoord of terugvoer te gee.

Wonder jy wie ons nuwe orrelis is?

Anneliese Marshall is ’n geesdriftige musiekleier, onderwyser en kerkmens met ’n liefde vir mense en musiek. Sy het in ’n musikale Duitse familie grootgeword waar kerkmusiek en saam musiek maak ’n natuurlike deel van die lewe was. Met uitgebreide opleiding in klavier, orrel en kerkmusiek, asook jare ervaring in musiekonderrig en koorsang geniet sy dit om mense se gawes te help ontwikkel. Anneliese waardeur verskillende musiekstyle en sien musiek as ’n manier om mense nader aan God en aan mekaar te bring. Sy is getroud met haar studenteliefde, het drie kinders en sien dit as ’n voorreg om deel van ons geloofsgemeenskap te wees.

Ons help mekaar

Benita Davids en **Mercy Meyer-Isaacs** is op soek na ’n nuwe geleentheid nadat hulle meer as 10 jaar lank die **tuisversorgers** van tannie Nanda Norval was. Dié wat hulle ontmoet het, kan getuig van hulle toegewydheid, deeglikheid, vriendelikheid en deernis te alle tye. Hulle is onafhanklik van ’n agentskap en beskikbaar vir ’n nuwe geleentheid.

Kontak Benita by 071 790 0584 en Mercy by 060 447 6540.

Tuintoerusting te koop: Kontak Morkel Johl by 083 629 7470 om 'n aanbod te maak:

- Grassnyer wat 'n diens nodig het;
- Kantsnyer met handvatsels wat met batterye werk (benodig nuwe batterye); en
- Elektriese kantsnyer wat met wieletjies loop.

BYBELSTUDIEGROEPE WAARBY JY KAN INSKAKEL

Maandag				
06:00	Nico Welman	0823301647	Werkende mans (maar enigiemand welkom)	Aanlyn
Dinsdag				
06:00	Martin Nienaber	0718868669	Mannegroep (maar enigiemand welkom)	Aanlyn
Woensdag				
07:30	Jan Schutte	0117873950	Landsweye mannegroep (verskeie kerke) Ouderdomme tussen 65 en 80	Aanlyn
09:30	Elize Johl	0828929911	Bybelstudie o.l.v. ds. Charl Hoofsaaklik senior lidmate, maar enigiemand welkom	Kerkgebou
11:00	Ds. Joop		Klein groepie senior lidmate o.l.v. ds. Joop.	Kerkgebou
11:00	Elsabe Welman	0823301648	Bybelstudie o.l.v. ds. Charl. Tans mense ouer as 50 (enigiemand welkom)	Kerkgebou
19:00	Corné Engelbrecht	084 580 8883	Almal welkom	Roteer: Northwold/Boskruin
19:00	Charl Strydom	0826704264	Vir die nie meer so jonk getroudes en enkellopendes	Boskruin
19:00	Marno du Plessis	082 224 6922	Jong werkende groep tussen 25 en 39 jaar	Kerkgebou - Teofilus B
19:00	Francois de Jager	073 037 1155	Jong werkende groep tussen 25 en 39 jaar	Kerkgebou - Teofilus A
19:00	Sonja Barker	082 461 4712	Karpos: ouer as 50 Skuif na die Donderdag as daar in die week LofPrysSing	Kerkgebou
19:00	Erika de Beer	082 896 6599	Werkendes van min of meer 40 tot 65, maar geen ID's word vereis nie, net geesdrif – o.l.v. ds. Charl	Roteer: van Emmarentia tot Boskruin en tussenin
Donderdag				
11:00	Antoinette Steyn	083 388 1034	Dames o.l.v. ds. Stephanu	Kerkgebou
Sondag				
16:00	Wikus en Marleen Rothman	084 587 4477	Gesinne met jonger kinders (maar enigiemand welkom)	Roteer: Featherbrook/ Randparkrif

Ons gemeente se bankrekening-inligting.

Maandelikse dankoffers:

Gereformeerde Kerk Randburg; Absa;
Takkode: 632 005; Tjekrekeningnr.: 170340000.

Verwysing: Jou lidmaatkode/-nommer + van

Diakonale dankoffers:

GKR Barmhartigheidsdiensfonds; Absa;
Tjekrekeningnr.: 4082000901.

Snapscan QR-kode: Zapper QR-kode:



Snapscan QR-kode: Zapper QR-kode:



As jy nie weet wat jou lidmaatsnommer is nie, kontak die skriba (skriba@gkrandburg.org.za) of die kerkkantoor (kantoor@gkrandburg.org.za).



www.gkrandburg.org.za


Dankie, Home Connect, vir gratis Wi-Fi vir uitsendings.
www.home-connect.co.za

Ds. Charl van Rooy
Ds. Joop van Schaik
Ds. Stephanu de Villiers

082 377 5912 charl@gkrandburg.org.za
082 776 7188 joop@gkrandburg.org.za
076 943 1333 stephanu@gkrandburg.org.za

Koster: Morkel Johl
Kerkkantoor: Karina Voogt
Orrelis: Anneliese Marshall
Rekenmeester: Herman Venter
Kerkraadskriba: Gert Lindeque
Emerituspredikante:

083 629 7470 koster@gkrandburg.org.za
082 404 8478 kantoor@gkrandburg.org.za
082 524 6414 marshall.anneliese@gmail.com
082 457 3897 finansies@gkrandburg.org.za
083 283 1180 skriba@gkrandburg.org.za
Ds. Koos Saayman (082 338 8150)



Inhoud

Augustus 2026

JAARGANG 127, NO. 3413,
AUGUSTUS 2026



PRESIDENT KRUGER
KINDERHUIS | CHILDREN'S HOME PRETORIA

Groei tot hulle volle potensiaal | Growing to their full potential

5 Augustus 2026



KINDERVERSORGER VAKATURE BESKIKBAAR
BY DIE PRESIDENT KRUGER KINDERHUIS PRETORIA,
31STE LAAN 728, VILLIERIA

VEREISTES:

- Inwoning is verpligtend
- Afrikaanssprekend
- Nie-roker & sober gewoontes
- Bestuursdiensinsensie verpligtend. Die bekoms van 'n PDP permit tydens indiensneming 'n vereiste.
- Matrieksertifikaat.
- Omvattende versorging van 12 – 14 seuns/dogters vanaf die ouderdom 3-18 jaar.
- Christelike normes en waardes.
- Emosionele stabiliteit.
- Liefde en geduld vir kinders.

DIE VOLGENDE SAL TOT DIE KANDIDAAT SE VOORDEEL STREK:

- SETA 4 kwalifikasie in kindersorg (of moet bekom word binne 1 jaar van indiensneming);
- Enige ervaring in kindersorg;
- Enige onderwyskwalifikasie of onderwyservaring;



Aansoekes geskied by wyse van die inhandiging van 'n CV met stawende dokumente by e-pos adresse: admin@pkkhuis.co.za of versorging@pkkhuis.co.za of per hand by die kantoor.



Sluitingsdatum vir aansoek: 18 Augustus 2026



Indien u teen 21 Augustus 2026 nog geen terugvoer van u aansoek ontvang het nie, moet u aanvaar dat u aansoek onsuksesvol was.



Vir enige navrae kontak die Bestuurders, Kobus Vorster / Annatjie Vorster gedurende kantoorure by (012) 3321366/7. Navrae kan ook gerig word aan bestuurder@pkkhuis.co.za of versorging@pkkhuis.co.za



012 332 1366/7



admin@pkkhuis.co.za



31ste Laan 728,
Villieria, Pretoria



www.krugerkinderhuis.co.za

Voorblad: Iné Aucamp

- 1 Van die redakteur: Wat lees die wêreld van die GKSA?
- 2 Salig is hulle wat die Woord lees, hoor en bewaar
- 4 Tyd om die mantel op neem
- 6 Die Here roep en maak bekwaam
- 8 Wat nou? Waar begin ek? Met verhouding!
- 10 In die Koning se hand – Groot verantwoordelikheid, ryke troos
- 12 Die Kerkblad kuier by ... Comradeswenner George Kusche
- 15 GK Cachet plafonneprojek
- 16 Eers dit ... Die siel – uniek onvervangbaar
- 18 Griet se Storie: Kom drink tee ...

- 20 Besoek aan die Gereformeerde Kerke in Nederland
 - 22 Predikant in die operasionele gebied: Gestuur en bewaar ...
 - 24 Die trek na Argentinië (6): Kerklike imperialisme beduiwel alles
 - 26 Ds. Elias Kekana: Geloofsverdieping by Mukhanyo
 - 27 Korrespondensie
 - 28 Kleinadvertensies
- Korter berigte deur die uitgawe versprei

Om inteken op Die Kerkblad:

Kontak vir Angie by 018 297 3986 of
tydskrifte@gksa.co.za

Intekengeld [11 uitgawes] is geldig vanaf 1 Julie 2026 tot 30 Junie 2027

- R400 word persoonlik by die AdminBuro in Potchefstroom of by V+R Drukkers in Pretoria afgehaal
- R610 sluit posgeld/koerierdienste in
- R170 elektroniese uitgawe